**Lothar Neethling – ’n lewe vertel.**

Annette Jordaan. Hatfield, Pretoria: Litera Publikasies, 2013. 164 pp.
ISBN: 978-1-920188-45-0.
DOI: http://dx.doi.org/10.4314/tvl.v51i1.21

Die Duitse filosoof Martin Heidegger het verwys na die geworpe aard van ons lewens, naamlik dat ons uit die niet ewe skielik onsself bevind in ’n plek en tyd waar ons moet sin maak van ons situasie en van alles wat uniek maar ook spesifiek is tot die situasie.

Hierdie geworpenheid is ’n diep eksistensiële konsep wat uiting gee aan die menslike ervaring van ’n historiese konteks, maar ook aan die moderne tendens om self die lewe betekenis te gee met wat ’n mens vind in jou situasie op ’n aarde waar daar miljoene situasies bestaan.

Die lewensverhaal van Lothar Neethling (oorspronklik Tietz) herinner nogal aan die idee van geworpenheid: As Duitse weeskind uit Oos-Pruise verloor hy die meeste van sy gesin in die Tweede Wêreldoorlog. In 1948 verlaat hy Duitsland as dertienjarige vir ’n nuwe herkoms in Suid-Afrika. Hy verskuif dus van die situasie en historiese konteks van Nazisme in die verlede na ’n toekoms van apartheid, wat voor die deur was met sy aankoms in Pretoria.

In Pretoria vind Lothar ’n nuwe familie, onder andere sy aangenome suster Annette, die skrywer van die biografie. Hy maak vinnig opgang as ’n jong man met baie belofte in ’n keur van die bekendste Afrikanerinstansies: Hy gaan skool op Affies en studeer dan aan die Universiteit van Pretoria. Hy behaal twee doktorsgrade in chemie, eers by die Universiteit van Kalifornië en later by UP. ’n Innemende voorbeeld van sy wilskrag en determinasie vind plaas ná die einde van sy studentejare wanneer hy een somervakansie van die Suid-Kaap na die Bosveld ryloop om sy toekomstige vrou Juliette te oorreed van sy liefde vir haar (39–40).

Die groot wending in Lothar se lewe vind plaas in 1971 wanneer hy die akademie agterlaat en aansluit by die polisie as hoof van die forensiese laboratorium. Die skuif is die gevolg van sy begeerte om die wetenskap te beoefen tot voordeel van die gemeenskap, wat hy nie vind in die akademie nie (56). Die laboratorium groei met rasse skrede onder sy leiding, en ’n vriend meen dat Lothar “forensiese polisiëring [in Suid-Afrika] van die ossewatyd na die ruimte-eeu gebring” (93) het. Lothar maak opgang in die polisie en vorder deur drie range in nege jaar. Teen die begin van die 1980’s bereik hy die toppunt van sy loopbaan op die jong ouderdom van 45.

Die laaste dekade van apartheid lei ’n moeilike tyd van Lothar se lewe in, wat sekerlik die geval was vir die meeste mense wat in die verskillende staatsinstansies gewerk het. Die stryd van die regering teen die ANC word op die spits gedryf en die forensiese laboratorium van die polisie word uiteraard betrek in die ondersoek van terreuraanvalle. In die midde van hierdie historiese knelpunt word Lothar hoofadjunkkommisaris in die polisie in die rang van luitenant-generaal in 1985, asook die hoof van die kriminalistiektak van die polisie. Die nuwe forensiese laboratoriumgebou wat in 1988 geopen word, dra sy naam.

Hierdie prestasies maak van Lothar ’n publieke figuur en daarmee saam kom die druk en aandag wat so ’n posisie dra. Net ’n paar maande voor Mandela se vrylating gebeur die welbekende aantygings teen hom aangaande die skep van giftige middels wat die veiligheidspolisie gebruik het om mense mee te verdoof en te vermoor. Die bron hiervan is Dirk Coetzee, die berugte bevelvoerder van Vlakplaas en dit verskyn in ’n berig in die *Vrye Weekblad*.

Lothar beveg die aantygings suksesvol in die hof alhoewel dit eers ná vier jaar en ’n appèl plaasvind. Ten spyte van hierdie uitslag is die skade aangerig en hy besluit om vroeg

af te tree in 1992 onderwyl die hofsake nog aan die gang is, alhoewel hy daarna hulp verskaf het met die merkstof vir die 1994-verkiesing sowel as om te getuig voor die Waarheids- en Versoeningskomissie in 1998 (126 en 136–38). Hy sterf in 2005 op die ouderdom van 69 aan kanker, wat al amper tien jaar vroeër by hom gediagnoseer is en wat hy volgens familie op 'n amper stoïsynse wyse aanvaar het (135).

Jordaan se biografie is in wese die verhaal van 'n Duitse immigrant wat homself geworpe gevind het in die drama van apartheid. Lothar word mettertyd deel van die Afrikanersamelewing. Hy speel selfs rugby vir Tuks se eerste span (36–38)! 'n Mens wonder wie sou Lothar geword het en wat sou hy gedoen het as hy in Duitsland gebly het. Sou hy ook forensiese deskundige geword het? Watter tipe familieman en publieke figuur sou hy gewees het? Die Duitse en Afrikaanse wêrelde is eenders maar die polities korrekte milieu van Wes-Duitsland was radikaal anders as die drukkoker van apartheid Suid-Afrika (Oos-Duitsland was wel 'n ander storie). Baie mense het hulself bloot geworpe gevind in hierdie situasie en gebou aan 'n lewe.

Lothar se verhaal laat 'n mens met verskeie vrae. Die vraag wat die meeste mense natuurlik sal vra is: Het hy op die ou einde bloed op sy hande gehad? Die antwoord is moeiliker as wat 'n mens dink en is gevul met soveel ambivalensie. Die apartheidsera het baie mense met bloed op hulle hande gelaat, veral in staatsinstansies. Daar was sekerlik wel mense in die polisie se forensiese laboratorium wat bloed op hul hande gehad het. Neethling sou daarvoor moes keer indien aantygings posgevat het en dit is inderdaad wat gebeur het.

Hy het swaar gedra aan sy lojaliteit teenoor die polisie, in so 'n mate dat hy volgens 'n vertroueling nie net vir sy eie reputasie geveg het nie maar ook dié van die polisiemag en die regering (102).

Die lewensverhaal oor Neethling lees gemaklik met die nodige sensitiwiteit aangesien sy aangenome suster die skrywer is. Sy tree in verskeie plekke in die bresse vir haar broer, onder andere oor sy status as sogenaamde Nazi-wesie (134) en ook oor die berugte aantygings. Sy erken ook wel dat sy nie noodwendig objektief is in haar weergawe van sy lewe nie (153). Desondanks is die belangrike prestasie van die boek dat 'n bekende en omstrede figuur uit die apartheidsjare se lewe ook nou vervat is in 'n biografie.

Wat my bybly, is Jordaan se verrassende beskrywing van haar broer as 'n soort filosoof omdat hy analities en krities was met 'n oop kop vir idees en altyd reg vir 'n goeie debat of argument oor verskeie onderwerpe. Die volgende aanhaling deur 'n joernalis in die *Pretoria News* oor 'n onderhoud met Lothar herroep 'n indruk oor vele Afrikanermans: "He is all the Boy Scout things: courteous, considerate, kind. Talks philosophy in the same breath that he talks murder … A conservative man basically, he is nevertheless wide open to the world" (59). Dit som die ambivalensie van Afrikanermans in die algemeen goed op: gekultiveerd met deugsame eienskappe maar tog ook eerlik verstrengel in die lewe se skadukant, ten goede of ten kwade.

*Charles Villet*
charles.villet@monash.edu
Monash Suid-Afrika
Roodepoort